St. Léonie Françoise De Sales Aviat

10 Januarie

(1844-1914)

Hierdie stigteres van die Oblate Susters van St. Frans van Sales het opgegroei in ’n tyd toe die vinnige industrialisering van Frankryk daartoe gelei het dat duisende jong plattelandse meisies hulleself in haglike omstandighede in die groot fabriekstede bevind het. Saam met Vr. Louis Brisson raak sy betrokke by die opvoeding van die jong vroue wat in die fabrieke gewerk het. Hulle is gelei en besiel deur die geestelike werke en spiritualiteit van die heilige Frans van Sales. Daaruit groei dié nuwe Kongregasie van Susters met Léonie as hul eerste moeder-owerste, ’n pos wat sy tot en met haar dood sou beklee. Haar liefde en onvermoeide ywer het ’n blywende impak gehad op almal wat met haar in aanraking gekom het.

© Die Oratorium Uitgewery